Skrifgedeelte: Jesaja 3 en 4

Teksverse: Jesaja 4: 2 en 4

Tema: Christus verlos ons en die Heilige Gees maak ons heilig, wees dan `n stut en steunpilaar in hierdie wankelrige wêreld!

"Die Here sal onvolwassenes gesag gee oor die volk, wispelturige mense sal oor hulle heers. Die volk sal mekaar te lyf gaan, man teen man, vriend teen vriend, seuns sal grysaards te lyf gaan, en dié wat nie gesag het nie, die vooraanstaandes." Dit klink darem maar baie soos wat nou aan die gang is in ons land! Korrupsie word oop en bloot gepleeg, die leiers van ons land sê die een dag een ding en die volgende dag die teenoorgestelde. Vriende staan teen vriende en man staan teen man op en verwoes mekaar by Marikana.

Kinders van 4 jaar oud – en jonger – word verkrag en dan aan bome opgehang! Jong manne val weerlose bejaardes aan en rand hulle só aan dat hulle bykans onherkenbaar is. Dit is die harde realiteit van die land en die wêreld waarin ons, die kerk van die Here, woon. En ja, ons hoor dit só baie, dat ons dit nie nog in `n erediens en in `n preek ook wil hoor nie, maar ons moet! Want sien, hier word dit só duidelik gesê dat God ook hierdie dinge toelaat, omdat Hy `n doel met sy volk, sy kerk, het.

Ja, God laat hierdie dinge toe – Hy sê dan self dat Hy elke stut en steunpilaar verwyder. Hy laat dit plaasvind met `n sekere doel, want dit is in hierdie deurmekaar gemors wat sy Kerk `n krag van waarheid en regverdigheid moet wees! Dit is in hierdie goddelose, onregverdige wêreld waar die kerk van die Here moet opstaan teen die onregverdigheid en verdrukking wat daar is.

Dit is só dat hierdie gedeelte afgespeel het in die tyd voordat die volk in ballingskap weggevoer is en dat hierdie gedeelte `n beskrywing is van die absolute verval wat daar in die land was. Maar dit is juis dan wat die woorde van ons fokusvers, van vers 2, kom en ons wys na "daardie dag". Trouens, drie keer in hierdie hele gedeelte verwys God daarna dat Hy in "daardie dag", in die dag van die Here, iets besonders gaan doen.

Dit is in daardie dag wat die Spruit van die Here tot `n sieraad en heerlikheid sal wees. Hoe jammer is dit dat hierdie besonderse verwysing na Jesus Christus in die Nuwe Afrikaanse Vertaling nie so duidelik is nie?! Dit is immers in Jesaja 11:1 waar daar weer geprofeteer word oor Jesus Christus as die takkie wat uit die stomp van Issai sal uitspruit en sal vrugte dra. En dit is in Jesaja 53:2 waar die dienaar van God, Jesus Christus, as `n loot beskryf word wat soos `n plant wortel skiet in droë grond.

Wanneer ons só na "daardie dag" kyk, dan weet ons dat "daardie dag" begin het met die eerste koms van Jesus Christus toe Hy die heerlikheid van God vir ons kom duidelik maak het, maar dat "daardie dag" eers finaal gaan kom wanneer Christus weer kom en Hy die heerlikheid van God nog meer aan ons gaan duidelik maak!

Met Christus se eerste koms het die dag van die Here aangebreek en dit was toe wat ons, die nuwe Israel, vrygemaaktes geword het. Ons is vry gemaak van die sonde en die dood, maar ons is ook vry gemaak van hierdie korrupte wêreld, sodat ons alleen ons knie voor Christus kan buig. Ons, as die inwoners van die hemelse Sion, die Nuwe Jerusalem, is toe reeds gereinig van ons wandade. Ons het vanoggend gehoor dat ons die rusdag moet heilig hou deur veral ywerig met die gemeente van God saam te kom. Tog hoor ons ook in Sondag 38 dat ons elke dag van ons lewe van ons bose werke moet rus en dat die Here deur sy Gees in my moet laat werk.

Dit is hierdie Heilige Gees, wat Jesaja die Gees wat oordeel en verteer of die Gees van strafgerig en uitdelging noem. Dit is van Hom wat Johannes die Doper gepraat het toe Hy gesê het dat Jesus Christus kom en dat Hy met die Heilige Gees en met vuur doop. Dit wys alles daarop dat die Heilige Gees die waarheid aan ons bekend maak en dat hierdie waarheid, wat die Heilige Gees in ons werk, die onregverdigheid, die verdrukking, die valsheid en alle ander goddelose dinge in ons verbrand.

Dit is die Heilige Gees en Jesus Christus wat die waarheid en regverdigheid in jou en my werk, deurdat ek en jy deur Jesus Christus verlos is en deur die Heilige Gees heilig gemaak is om ook eendag in die heerlikheid van Jesus Christus te deel! Daarom dat Paulus ook aan Timoteus in 1 Timoteus 3:15 gesê het dat die kerk die pilaar en grondslag van die waarheid is.

Sien, wanneer God toelaat dat elke stut en steunpilaar in die samelewing verwyder word, laat Hy dit gebeur omdat Hy weet dat ons as kerk die stut en steunpilaar in hierdie wêreld moet wees, deurdat ons telkens na Christus en die Heilige Gees toe wys. Ek en jy, as kerk van die Here, is hier geroep om ambassadeurs van God se koninkryk te wees - `n koninkryk waarin die waarheid en regverdigheid moet duidelik word.

Juis daarom dat elkeen van ons deurlopend onsself moet meet aan die Here se Woord, aan Sy regverdigheid en waarheid en nie aan dié van hierdie korrupte wêreld nie. Telkens wanneer ek of jy nie opstaan vir die waarheid nie, wanneer ek en jy stilbly oor onregverdigheid, korrupsie of wat daar ook al mag wees, is ons net so skuldig daaraan! Sonde is nie net om die verkeerde dinge te doen nie, maar om ook stil te bly wanneer die verkeerde dinge gedoen word en om nie die regte dinge te doen nie.

Daarom dat ons vandag `n dag van verootmoediging het. Ons moet weer onsself klein maak voor die Here en seker maak of daar nie in ons eie lewe ongehoorsaamheid is waardeur wandade verswyg, aangemoedig of gepleeg word nie. En indien dit só is, moet ons werklik smeek dat Christus weer in ons nuwe lewe sal laat opspruit en dat die Gees wat oordeel en verteer ook hierdie sonde in ons sal verteer, sodat ons skoon voor God sal staan.

Dan alleen kan ons, as die kerk van die Here, `n stut en steunpilaar in hierdie wankelrige wêreld wees. Dan alleen kan ons die wêreld na die Here toe wys wat bedags `n wolk en snags `n vlammende vuur is en wat ons leiding en wysheid gee in hierdie wêreld. Dan alleen

kan hierdie wêreld waarin ons leef stewig staan, deurdat dit Christus volg en die koninkryk van God duidelik word deur waarheid, regverdigheid, volwassenheid en voorspoed!

Amen